



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 10

NOVEMBER 2020

**GEOGRAFIE V2
(EKSEMPLAAR)**

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n 9-bladsy bylaag.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings. AFDELING A is teorie en AFDELING B is kaartwerk.
2. Beantwoord ALLE vrae in hierdie vraestel.
3. Alle diagramme is in die BYLAAG ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen die onderafdelings wat beantwoord word.
5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
7. Nommer die antwoorde in die middel van die lyn.
8. MOET NIE in die kantlyn van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
9. Teken geannoteerde diagramme wanneer dit vereis word.
10. Beantwoord in VOLSINNE, behalwe wanneer jy gevra word om te verskaf, noem, identifiseer of te lys.
11. Verwys na die topografiese kaart en ortofotokaart om VRAAG 3 (Kaartwerk) te beantwoord.
12. Toon ALLE berekeninge en formules, waar van toepassing. Punte sal hiervoor toegeken word.
13. Dui die meeteenheid in die finale antwoord van die berekeninge aan. Sorg dat die eenhede in AL jou berekeninge en finale antwoord behoue bly.
14. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
15. Die gebied afgebaken in SWART op die topografiese kaart verteenwoordig die gebied wat deur die ortofotokaart gedek word.
16. 'n Woordelys van sommige Engelse en Afrikaanse woorde en hul vertalings verskyn in die bylaag.
17. Lees ALLE instruksies versigtig.
18. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: BEVOLKING EN WATERHULPBRONNE**VRAAG 1: BEVOLKING**

1.1 Pas die term/konsep in KOLOM B by die korrekte beskrywing in KOLOM A. Skryf SLEGS die korrekte letter (A–I) langs die ooreenstemmende vraagnommers (1.1.1–1.1.8) in jou ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Statistieke wat aandui hoe die bevolking verander	A	emigrante
1.1.2	Mense wat uit hulle eie land na 'n ander land vir werkgeleenthede beweeg	B	lewensverwagting
1.1.3	Die vinnige toename in die land se bevolking	C	bevolkingsdigtheid
1.1.4	'n Grafiek wat die bevolkingstruktuur in terme van ouderdom en geslag aandui	D	xenofobie
1.1.5	Migrante wat gedwing word om uit hul land van herkoms te trek weens vrees vir vervolging of natuurrampe	E	bevolkings-aanduiders
1.1.6	Die aantal mense per vierkante kilometer	F	bevolkingsontploffing
1.1.7	'n Sterk gevoel van vrees en afkeer of vrees vir mense uit ander lande	G	ekonomiese migrante
1.1.8	Die verwagte gemiddelde aantal jare wat mense in 'n land sal leef	H	vlugteling
		I	bevolkingspiramide

(8 x 1) (8)

1.2 Bestudeer FIGUUR 1.2 A en B wat twee verskillende bevolkingspiramides aantoon om die vrae wat volg te beantwoord. Skryf die vraagnommer en die letter (A of B) neer wat met die onderstaande stellings ooreenstem, bv. 1.2.9 B.

1.2.1 Hierdie is 'n vroeë groeiende bevolking.

1.2.2 Kinders dra by tot plaasarbeid in hierdie bevolking.

1.2.3 Daar is meer individue wat vir meer as 75 jaar lewe.

1.2.4 Sterfte- en geboortesyfer is beide hoog.

1.2.5 Mediese fasiliteite is van hoë gehalte.

1.2.6 Meeste van hierdie lande word in Afrika en Latyns-Amerika aangetref.

1.2.7 Afhanklikheidskoers is laag in hierdie land.

(7 x 1) (7)

- 1.3 Verwys na FIGUUR 1.3 (A en B) wat die verspreiding van die wêreldbevolking aandui om die vrae wat volg te beantwoord.
- 1.3.1 Definieer *bevolkingverspreiding*. (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Identifiseer vanaf die kaarte en tabel in FIGUUR 1.3A en B die kontinent met die grootste bevolking. (1 x 1) (1)
- 1.3.3 Noem TWEE lande met die wêreld se grootste bevolkings. (2 x 1) (2)
- 1.3.4 Stel TWEE uitdagings voor wat 'n land met 'n groot bevolking in die gesig staar. (2 x 2) (4)
- 1.3.5 Beskryf TWEE fisiese faktore wat meer mense aantrek, om in 'n gebied te woon. (2 x 2) (4)
- 1.3.6 Identifiseer 'n land met min bevolking in FIGUUR 1.3A en beskryf EEN uitdaging wat so 'n land met min bevolking het. (1 + 2) (3)
- 1.4 Verwys na FIGUUR 1.4 en beantwoord die vrae wat volg.
- 1.4.1 Definieer *xenofobie*. (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Beskryf die impak van hierdie xenofobiese-aanval op die buitelanders volgens die inligting in die verslag. (1 x 2) (2)
- 1.4.3 Noem TWEE groepe wat hulle in 2008 besig gehou het met die beskerming van buitelandse burgers om bloedvergieting te stop. (2 x 1) (2)
- 1.4.4 Gee TWEE redes waarom Suid-Afrikaners hul woede vir mense uit ander lande toon. (2 x 2) (4)
- 1.4.5 Stel EEN rede voor waarom xenofobiese-aanvalle steeds in Suid-Afrika plaasvind ondanks die regering, die burgerlike samelewing en internasionale organisasies se pogings om dit te stop. (1 x 2) (2)
- 1.4.6 Stel maniere voor waarop geweld tussen Suid-Afrikaners en buitelandse burgers verminder kan word. (2 x 2) (4)

- 1.5 Bestudeer FIGUUR 1.5 wat die landelike en stedelike bevolking (in miljoene) van Suid-Afrika aantoon.
- 1.5.1 Definieer *landelike bevolking*. (1 x 1) (1)
- 1.5.2 Neem stedelike bevolking af of neem dit toe van 1960 tot 2016? (1 x 1) (1)
- 1.5.3 Gee 'n rede vir die patroon wat jy in VRAAG 1.5.2 hierbo beskryf het. (1 x 1) (1)
- 1.5.4 Gebruik die inligting op die grafiek om die stedelike bevolking in 2015 uit te werk. (1 x 2) (2)
- 1.5.5 Verskaf TWEE stoot-faktore wat veroorsaak dat mense landelike gebiede vir stedelike gebiede verlaat. (1 x 2) (2)
- 1.5.6 Verduidelik in 'n paragraaf van ongeveer agt reëls die moontlike negatiewe gevolge wat die stede van Suid-Afrika sal ervaar as hulle aanhou plaaslike en internasionale immigrante in groot getalle ontvang. (4 x 2) (8)
- [60]**

VRAAG 2: WATERBRONNE

2.1 Verwys na FIGUUR 2.1, wat die watersiklus aantoon.

2.1.1 Kies die korrekte woord tussen hakies. Skryf SLEGS die nommer en die korrekte woord wat jy gekies het, uit die hakies, neer.

(a) Die groter persentasie van die aarde se water word aangetref in/op die (atmosfeer/aardoppervlak).

(b) (Hael/Kondensasie) is 'n vorm van neerslag.

(c) (Sneeu/Vog) is water in 'n soliede toestand. (3 x 1) (3)

2.1.2 Noem die prosesse wat deur die letters **A**, **B**, **C** en **D** in FIGUUR 2.1 in die bylaag voorgestel word. (4 x 1) (4)

2.2 Kies EEN woord/frase uit die blokkie wat met die daaropvolgende stellings ooreenstem.

Ekosisteem; mariene besoedeling; ontsouting; oorbevissing; versuring; viskwotas; gruis water; inter-bekken verplasing; volhoubaarheid

2.2.1 Die verwydering van sout uit oseaan water om dit meer bruikbaar te maak.

2.2.2 Gebruikte water wat steeds vir ander doeleindes gebruik kan word.

2.2.3 Om meer visse te vang as wat hulle aanteel, verminder dus hul bevolking.

2.2.4 Gekoppelde pype wat water van 'n hoë reënvalgebied na 'n droë gebied oordra.

2.2.5 Gebruik bronne versigtig om hul toekomstige beskikbaarheid te verseker

2.2.6 Storting van afvalprodukte in oseane.

2.2.7 Die beheer van die aantal vis wat vissermanne mag vang.

2.2.8 Die gemeenskap waar lewende en nie-lewende dinge saam bestaan. (8 x 1) (8)

- 2.3 Verwys na FIGUUR 2.3, wat waterprobleme in Kaapstad aantoon, om die onderstaande vrae te beantwoord.
- 2.3.1 Noem die provinsie wat deur die watertekort, geaffekteer word. (1 x 1) (1)
- 2.3.2 Verskaf die naam van die veldtog vir waterbestuur wat in Kaapstad van stapel gestuur is. (1 x 1) (1)
- 2.3.3 Wat is Dag Zero, volgens die artikel? (1 x 2) (2)
- 2.3.4 Waarom lyk die mense wat in die artikel geïllustreer word, so desperaat? (2 x 2) (4)
- 2.3.5 In 'n paragraaf van ongeveer agt reëls, verskaf strategieë wat die inwoners van Kaapstad en die munisipaliteite van die streek moet implementeer om watertekorte te verminder. (4 x 2) (8)
- 2.4 Verwys na FIGUUR 2.4 wat oorstromings in Port St Johns, Oos-Kaap, aantoon om die vrae wat volg te beantwoord.
- 2.4.1 Wat is 'n *oorstroming*? (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Noem die tipe oorstroming wat Port St. Johns affekteer het. (1 x 2) (2)
- 2.4.3 Verduidelik waarom groot gedeeltes van laagliggende landelike nedersettings ontoeganklik gelaat is (nie bereikbare gebiede). (1 x 2) (2)
- 2.4.4 Beskryf die oorsake van oorstromings, soos die een wat in die artikel uitgebeeld word. (2 x 2) (4)
- 2.4.5 Verduidelik die gevolge wat hierdie vloed vir die inwoners van Port St Johns veroorsaak het, soos in die diagram aangetoon. (2 x 2) (4)
- 2.4.6 Stel EEN voorsorgmaatreël voor wat die inwoners van Port St Johns sou kon neem om die skade wat deur hierdie vloed in hul omgewing veroorsaak is, te verminder. (1 x 2) (2)
- 2.5 Bestudeer FIGUUR 2.5 wat die verandering in die hoeveelheid Kaapse perdemakriel in Suid-Afrikaanse waters toon.
- 2.5.1 Wat was die eindvoorraad van makriel in 2013? (1 x 1) (1)
- 2.5.2 Volgens die inligting in die grafiek, styg of daal die eindvoorraad van makriel vanaf 2005 tot 2014? (1 x 1) (1)
- 2.5.3 Verskaf die jaar waarin die eindvoorraad van makriel die hoogste was. (1 x 1) (1)
- 2.5.4 Bereken die verskil in voorraad (in ton) tussen jare 2005 en 2009. (1 x 2) (2)

- 2.5.5 Beskryf die voordele vir Suid-Afrika as die voorraad van die Kaapse perdemakriel sal toeneem. (1 x 2) (2)
- 2.5.6 Stel die moontlike redes voor vir die toename in die voorraad van makriel en ander visvoorraad. (2 x 2) (4)
- 2.5.7 Verduidelik die negatiewe resultate van oorbevissing aan die Suid-Afrikaanse kus in die langtermyn. (2 x 2) (4)
- [60]**

TOTAAL AFDELING A: 120

AFDELING B: KAARTWERK**VRAAG 3****3.1 KAARTWERK-VAARDIGHEDE EN -BEREKENINGE**

3.1.1 Verwys na die inligting oor die magnetiese deklinasie onderaan die kaart en beantwoord die volgende vrae.

Bereken die magnetiese deklinasie vir die huidige jaar. (5 x 1) (5)

3.1.2 Verwys na blok **I13** op die topografiese kaart. Daardie deel van die kaart toon 'n spoorlyn wat onder 'n tunnel beweeg. Meet en skryf die lengte van daardie tunnel in meter, neer.

FORMULE: AFSTAND: CM x SKAAL (2 x 1) (2)

3.1.3 Verwys na die ortofotokaart.

(a) Wat is die rigting van die skool, gemerk deur letter **Q** vanaf die winkelsentrum, gemerk deur letter **P**? (1 x 1) (1)

(b) Bepaal die ware peiling van punthoogte **22** vanaf trigonometriese gebaken nommer **71**, wat albei in die gebied rondom punt **P** op die ortofotokaart aangetref word. (2 x 1) (2)

3.2 KAART- EN FOTO-TOEPASSING EN INTERPRETASIE

3.2.1 Die tipe vervoer wat jy vanaf Somerset-Wes na Bellville kan gebruik, as jy noordwes reis is, (lug en water / pad en spoor). (1 x 1) (1)

3.2.2 Verwys na die verskynsel met die naam **PAARDEVLEI** op die ortofotokaart.

(a) Noem die verskynsel gemerk **PAARDVLEI**. (1 x 1) (1)

(b) Verduidelik die belangrikheid van so 'n waterverskynsel vir mense wat in die omgewing woon. (2 x 2) (4)

3.2.3 Verwys na blok **D4** op die topografiese kaart, tesame met die gebied in die boonste noordwestelike deel van die ortofotokaart.

(a) Noem die belangrikste menslike aktiwiteit wat in daardie gebied oorheers. (1 x 1) (1)

(b) Beskryf **EEN** voorwaarde wat gunstig is vir die ontwikkeling van die aktiwiteit genoem in VRAAG 3.2.3 (a) hierbo. (1 x 2) (2)

3.2.4 Verwys na blok **A10**.

Verskaf **EEN** bewys dat natuurbewaring 'n prioriteit in Somerset-Wes is. (1 x 1) (1)

3.2.5 Regverdig met behulp van kaartbewyse waarom Somerset-Wes as 'n waterskaars gebied beskryf kan word. (2 x 1) (2)

3.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS

- 3.3.1 Noem EEN voorbeeld van 'n rekenaarhardeware komponent. (1 x 1) (1)
- 3.3.2 Beskryf die gebruik van die hardeware komponent wat in VRAAG 3.3.1 hierbo genoem word. (1 x 2) (2)
- 3.3.3 Verwys na blok **F6** op die topografiese kaart. Beskryf hoe 'n GIS-ruimtelike analise gebruik is, in verhouding tot die aktiwiteite wat in daardie gebied voorkom. (1 x 2) (2)
- 3.3.4 Bestudeer die diagram (FIGUUR 3.3.4) wat afstandwaarneming toon, tesame met jou kaarte om die vrae wat volg te beantwoord.
- (a) Definieer *afstandwaarneming*. (1 x 1) (1)
- (b) Verduidelik waarom dit belangrik was vir die landmeters om data deur middel van afstandwaarneming te versamel, voordat die gekarteerde gebied ontwikkel is. (1 x 2) (2)

TOTAAL AFDELING B: 30
GROOTTOTAAL: 150